Dinsdag 22 Desember

Skrifgedeelte: Deuteronomium 7:7-10

Fokusgedeelte: Deuteronomium 7:9

## Die geboorte van Christus is 'n bewys van God se getrouheid

Die geboorte van Christus is 'n bewys van God se getrouheid, wat van geslag tot geslag strek. Reeds in Deuteronomium 7 lees ons dat God die belofte maak dat Hy altyd sy verbond en troue liefde in stand sal hou. Die Here is onveranderlik en betroubaar en daarom sal Hy nie sy beloftes aan sy kinders terugtrek of vergeet nie. God het aan Abraham en sy nageslag die belofte gemaak dat Hy altyd hulle God sal wees en dat hulle sy verbondsvolk sal wees. Die rede waarom Hy vir Israel gekies het om sy verbondsvolk te wees, is nie weens hulle kwaliteite nie, maar omdat Hy hulle liefgehad het, 'n verbond met hulle voorvaders gesluit het en omdat Hy hulle vrygekoop het uit die plek van slawerny (7:8). Al het Israel meermale hulle rug op die Here gedraai en van Hom vergeet en hulle die gevolge van hulle ongehoorsaamheid ervaar het, het Hy besluit om vir hulle verlossing te bring, want Hy hou sy verbond en troue liefde in stand.

Die verbondsbeloftes wat God aan Israel gemaak het, geld vir almal wat in Christus Jesus, die Verlosser, glo. Die grootste belofte – dat God se Kneg, die Saad van die vrou, die slang se kop gaan vermorsel – is deur God nagekom deur sy eie Seun nie te spaar nie, maar uit te lewer om vir ons te sterf. Al draai ons ook ons rug op die Here, roep Hy ons terug, want Hy hou sy troue liefde in stand. Hy bly altyd ons God en ons sy volk – nie op grond van wat ons doen nie, maar op grond van wie Hy is.

Ons word hierdie Kersfees herinner aan God se getrouheid.

*Sing: Psalm 89-1:2*

*Ds. R (Ruan) Steyn (Oshakati)*